Tjokkie WEEKBLAD
UNIVERSITAS
NET MY BESTE
12 September 2025 Uitgawe: 8/3/2025

## UIT DIE KANTOOR

Die hokkieseisoen is nou amptelik verby. Baie dankie vir elke ouer se geduld en ondersteuning tydens die seisoen. Die o/13-spanne het egter 'n finale uitstappie na Kimberley waar hulle uitgenooi is om aan Laerskool Eureka se hokkiedag deel te neem. Slegs hierdie spanne sal dus nog volgende week oefen.

**Buitemuurs:**

Die amptelike buitemuurse program het nou gestaak vir die meeste aktiwiteite vir die kwartaal. Daar is egter nog 'n paar groepe wat die komende week bly oefen weens optredes en wedstryde wat nog afgehandel moet word. Die volgende groepe sal dus bly oefen soos deur die afrigters gereël sal word:

- o/13A Hokkiespanne (seuns en dogters)
- Krieketspanne wat die vakansie aan toernooie deelneem
- Die Junior en Senior kore
- Tennis

## ANDER

**Verkeersvloei:**

Ek ontvang nou gereeld klagtes van ouers oor die verkeersvloei in Louis Bokstraat (swembadhek). Ouers wat by *"Die Nessie"* op die hoek parkeer moet asb. nie op die hoek in die draai parkeer nie. Dit belemmer die verkeer wat vanaf Checkers se kant af kom.

Asseblief, ek vra ouers mooi **OM NIE VOOR DIE SKOOLHEK OP DIE VOETOORGANG TE PARKEER NIE. Wees asb. 'n geduldige, konsidererende ouer en gee mekaar geleentheid om te ry. Ons wil almal betyds by ons werksplekke uitkom.**

## BELANGRIKE DATUMS


12 Sept.: UNISA Musiek-eksamen

13 Sept.: Gr.1 Verwelkoming 2026

16 Sept.: Gr. 7 “Cupcake”-verkoping en Beroepedag

19-21 Sept.: TIC Gesinskamp

## VERJAARSDAE



17 Sept.: Mnr. Hermann Davin (Gr. 7)

## MELODRAMA




Opskud, die kaartjies raak min vir ons Melodrama: Nostalgie. Verseker jou plek om te kyk hoe die menere ballet en die juffrouens die Haka beter doen as die All Blacks…

Die skakel vir die koop van die kaartjies is reeds op die Community-groep gedeel.

## UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Liewe Tjokkie Pappas

Dis tyd om die **kole aan te steek** en die **knipmesse uit te klap** – want op **22 November** hou ons ondersteunersklub 'n **heerlike Knipmesbraai!** 😎

Hier's jou kans om te wys jy's nie net die **held langs die pawiljoen** nie, maar ook 'n **braaimeester van formaat.**
Geen geheime marinade gaan jou hier red nie – net goeie geselskap, lekker vleis en 'n knipmes of twee!

👉 **Datum:** Saterdag, 22 November
👉 **Plek & fyn detail:** volg binnekort – hou jou koelboks gereed 😜

Bring jou Tjokkiehartklop saam en wees deel van die hartklop wat ons kinders en skool dra. Jou ondersteuning maak die verskil – en saam bou ons aan iets besonders vir Tjokkies! Hoe meer lawaai, hoe meer gees!

**Hou die datum oop, manne – dit gaan 'n braai wees soos net Tjokkies kan!**

## VAN DIE MAMMAS WAT BID

**My Bybelse sjokolade**

**BAR ONE**; Jesus is my nommer een....

**KIT KAT**; Vat 'n breek en maak tyd vir Jesus in jou lewe....

**LUNCHBAR**; Hy is jou daaglikse brood....

**PS**; Jesus het jou lief met 'n ewige LIEFDE......

**Kolossense 3:12**

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, sagmoedig en verdraagsaam wees.

**Gebed:**

Vir elkeen wat seer het, BIND HULLE WONDE, HERE

vir elkeen wat bang is, TROOS HULLE HARTE, HERE

vir elkeen wat onseker voel, WEES HULLE SKUILING, HERE

Alles wat ons nodig het, IS U.

Dankie Jesus. Amen.

# SNUFFELS


BLOEMFONTEIN
MOTORS
Proud Sponsor of : Tjokkies School
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 051 4477 042

20 SEP 2025
FREE STATE UNCOVERED

# FREE STATE UNCOVERED


## TOURISM FESTIVAL & EXPO

## 20 September 2025
## WAR MUSEUM
## 09:00-21:00

**Adults: R120.00**
**Pensioners: R80.00**
**Children (under 12): R60.00**
**Children (under 5): Free Entrance**

Tourism & Hospitality Exhibitions
Heritage & Adventure Zones
Food Vendors, Live Performances
Night at the Museum AND MANY MORE!


**Brendan Peyper**
**20:00**



## BRING YOUR OWN CHAIRS

For more information contact: 051 447 3447


## Come and Discover YOUR Free State!













Tickets available at Computicket & the Gate

SCAN ME

Central University of Technology, Free State
FM
COMPUTICKET


20 SEP 2025
FREE STATE UNCOVERED
FREE STATE UNCOVERED
TOURISM FESTIVAL & EXPO
20 September 2025
WAR MUSEUM
09:00-21:00
Adults: R120.00
Pensioners: R80.00
Children (under 12): R60.00
Children (under 5): Free Entrance
Tourism & Hospitality Exhibitions
Heritage & Adventure Zones
Food Vendors
Live Performances
Night at the Museum
AND MANY MORE!
BRING YOUR OWN CHAIRS
NIGHT AT THE MUSEUM
18:00
For more information contact: 051 447 3447
Tickets available at Computicket & the Gate
SCAN ME
Central University of Technology, Free State
OFM
the theatre school RABBIT
COMPUTICKET